Psalm 71

Die Here en my ouderdom

Broers en susters, dit is sleg om op ‘n hoë ouderdom in nood te verkeer. Want as jy oud is, is dit soms moeilik om probleme te hanteer. Jy voel dan hulpeloos soos ‘n kind. Dit is die probleem waarvoor die digter van Psalm 71 te staan gekom het. In sy ouderdom ervaar hy bedreiging van sy vyande. Hierdie vyande noem hy geweldadige misdadigers wat hom vervolg. Heelwaarskynlik was die digter ‘n volksleier gewees. Nou dat hy oud is en broos is, en sy kragte min is, besluit sy vyande om hom uit die kussings te lig deur ‘n komplot teen hom te smee. Omdat die digter se liggaamlike kragte min is, soek hy sy krag by God. In vers 9 smeek hy die Here: “Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie, moet my tog nie alleen laat nou dat my kragte ingegee het nie”. Die digter weet dat die Here van sy geboorte af, dwarsdeur sy jeug met hom was en hom ondersteun het. Maar nou dat hy oud is, en alleen en verlate voel, is die nabyheid van die Here vir hom belangriker as ooit tevore.

Die gevoel van verlate wees, eensaam wees en selfs oorbodig wees is kenmerkend van ‘n mens se bejaarde jare. Selfs al word ons bejaardes nie, soos die digter, bedeig deur ‘n vyand nie, voel ons bejaardes soms verskriklik alleen en verlate.

In ons moderne samelewings word die waarde van mense dikwels gemeet aan hulle produktiwiteit, hulle vermoë om te kan werk en om ‘n bydrae te kan maak. Soos ons ouer word kom daar egter gebreke. Jou liggaam en gees word afgetakel. Jy doen alles stadiger, vergeet makliker, het minder energie. Die dinge wat jy vroeer kon doen, kan jy nie meer doen nie. Wanneer jy aftree neem ander mense jou plek in. Dit laat ‘n mens oorbodig voel. Jy voel dat jy nie meer ‘n verskil maak nie, dat jy nie meer van waarde is nie omdat jy nie meer ‘n groot bydrae kan maak nie. Omdat jou kragte min is, is jy bang dat jy vir ander, spesifiek jou kinders en kleinkinders ‘n las al wees. Derhalwe trek ons bejaardes dikwels terug. Saam met die gevoel van oorbodigheid tree eensaamheid in. Jou tydgenote val weg, jou vriendekring word baie kleiner, jou kontak met jongmense word al minder. Wanneer jou eggenoot wegval oorval ‘n diepe eensaamheid jou,

‘n eensaamheid wat jongmense nie altyd verstaan nie. Dit is juis omdat ‘n mens so ‘n geweldige eensaamheid en verlatenheid ervaar in jou ouderdom, dat ‘n mens se geloof op jou oudag kan weifel. Dit is dan wanneer die gebed van Psalm 71 in ‘n mens se hart leef: “Moet my tog nie nou verwerp dat ek oud geword het nie, moet my tog nie alleen laat nou dat my kragte ingegee het nie”.

Die digter van Psalm 71 stel vir ons bejaardes ‘n mooi voorbeeld: Die wegval van sy aardse steun, bring hom daartoe om sy vertroue op die Here alleen te stel. Dit is wat die gelowige mens in sy ouderdom moet doen. Jy moet jou skuiling by die Here soek Kyk net wat sê die digter! In vers 3 noem hy God sy rotsspelonk wat in tye van gevaar vir hom ‘n skuilplek gee. God is vir hom ‘n vesting. Soos ‘n vesting ‘n mens beskerm teen wind, storms en onweer, so beskerm God ons in tye van bedreiging. Ons kan altyd met ons hartseer, pyn en leed na die Here gaan. Die digter noem God sy hoop. Hy glo dat die Here altyd kan en sal help.

Waarom kan die digter hierdie geloofswoorde uiter? Want hy het van sy jeug af naby aan die Here geleef. Deur sy lewe het hy die nabyheid van God ervaar. In vers 6 sê hy: Die Here was van my geboorte af my hulp. In vers 17 en 19 gaan hy verder: U het my van jongs af onderrig o God. Ek kan getuig van U kragtige dade. U verlossingswerk o God is oneindig groot Ja, op sy oudag put die digter uit al die geloofskos wat hy in sy lewe versamel het. Hy het deur sy lewe, en in sy lewe, die Here leer ken as ‘n getroue God wat bevryding bring in tye van nood. Daarom vertrou hy op sy oudag op die Here

In Spreuke 30 vat die wysheidsleraar ons na die mier om vir ons jongmense ‘n belangrike waarheid te leer. In die winter is dit reentyd in Palestina. Dan is daar nie baie kos vir die miere nie omdat die waters al die saadjies wegspoel. Die miere in Palestina versamel daarom in die somer vir hulle genoeg kos vir die winter. Hulle dra saadjies na hulle neste aan, gooi dit op ‘n hoop, en laat dit uitdroog tot die winter. Hierdie miere leer vir ons ‘n belangrike waarheid: In die somer van jou lewe moet jy geloofskos versamel vir die winter van jou lewe. Op jou oudag gaan al daardie preke waarna jy geluister het, al jou bybelstudie, al jou lewensinsig wat jy deur jou versamel het, vir jou baie waarde hê. Die geloofskos

wat jy in die somer van jou lewe bymekaargemaak het sal jou deur die winter van die ouderdom dra. As jy egter eers in die winter van die lewe na geloofskos gaan soek sal jy bedroë daarvan afkom.

As bejaardes kan ons daarop vertrou dat die Here ons nooit sal verlaat nie, ook nie op ons oudag nie. Waarom? Ter wille van Christus. Die gebed van die bejaarde digter is verhoor in die koms van Jesus Christus na die aarde. God het Christus immers aan die kruis verlaat, sodat Hy ons nooit hoef te verlaat nie. Die kruis is God se versekering aan jou dat jy nooit hoef te vrees dat God jou sal alleen laat nie. In Matteus 28:20 belowe Jesus Christus self aan sy kinders: “Ek is by julle al die dae tot die voleinding”. Hy is al die dae met ons – ook die dae van die ouderdom as ‘n mens swak en weerloos word.

Hierdie belofte van Jesus is nie sommer ‘n leë belofte nie. Hy bring sy belofte met Pinkster in vervulling deur aan ons die Heilige Gees te gee wat in ons woon, ons dra, ons beskerm. Die Heilige Gees is ook in ons ouderdom met ons besig. Daarom moet ons bang wees vir die ouderdom nie. In 2 Korinthiers vergelyk Paulus die menslike liggaam met ‘n tent. ‘n Tent is maar ‘n tydelike woning. In die bybelse tye het die nomadiese volkere in tente gewoon. Hulle het tot op ‘n plek in die woestyn getrek, tent opgeslaan, na ‘n tyd dit weer afgebreek en verder getrek. ‘n Tent is ‘n woning wat gou opgeslaan kan word, maar gou word dit weer afgebreek. Wanneer jy in ‘n tent woon is jy tot ‘n mate weerloos teen klimaatstoestande, want ‘n tent is nie ‘n baie sterk beskutting teen sterk winde en harde reen nie. En nou sê Paulus ons aardse bestaan is maar soos ‘n tent. Ons is almal tente wat wag om afgebreek te word. Veroudering is die manier waarop ons tentwoning stelselmatig afgebreek word. In veroudering hoor ons die naderende voetstappe van God wat besig is om ons tentpenne uit te trek. Dit moet ons egter nie bangmaak nie. Die Here moet ons aardse woning afbreek, sodat ons deel kan kry aan ‘n ewige woning wat die Here by Hom vir ons voorberei. Hierdie woning in vers 1 lees ons is ‘n ewige huis in die hemel wat deur God self gemaak is. Dit is sterk en stewig en kan nie afgebreek word nie. Nou lees ons in 2 Kor 5:5 dat die Heilige Gees God se waarborg aan ons is dat

hy ons tentwoning in ‘n ewige woning gaan verander. Letterlik staan daar dat die Heilige Gees ons vanaf die tentwoning begelei na die ewige woning.

Die bejaarde digter in Psalm 71 smeek nie dat God hom moet bystaan en ondersteun ter wille van homself nie. Nee, lees ons in verse 15-18, hy wil in die tyd wat die Here hom nog spaar die verlossingsdade, wonders en mag van die Here aan die volgende geslag oorvertel. Al is hy oud is hy nie moeg om vir ie Here te getuig nie. Ons bejaarde mense moet nooit dink dat ons lewens sonder sin of doel is nie. Die Here gebruik jou ook in jou bejaardheid as sy werktuig. Hy wil hê dat jy moet getuig teenoor ander hoe die Here jou deur ‘n leeftyd gedra het. Jou lewe saam met God is ‘n boek wat nie op ‘n rak weggebere moet word nie, maar wat oopgemaak en gelees moet word sodat ander daaruit kan leer en nader aan God kan kom. Dit is noodsaaklik dat ons bejaardes ons leeftyd van ervarings met God en omgang met God moet deel met ons jonger mense. Dan nie op ‘n hovaardige, ek weet beter wyse nie, maar op ‘n vaderlike en moederlike wyse vol liefde en deernis. Jong mense, of hulle dit wil weet of nie, het leiding nodig van mense wat ervare is.

Vir ons jongmense is dit ook belangrik dat ons moet opsien na die bejaardes. ‘n Mens vind dikwels dat jonger mense geweldig neersien op bejaardes. In ‘n sekere sin is dit ‘n simptoom van die tyd waarbinne ons leef. Die moderne samelewing verafgod jeugdigheid en voordurende verandering. Ou mense word gou afgeskryf as outyds en uit voeling met die tyd waarbinne ons leef. So ‘n siening is verkeerd: Die basiese beginsels van die lewe, spesifiek van ‘n godvrugtige lewe, bly dieselfde. Ouer mense was waar jy nog moet kom, hulle het aanslae ervaar wat jy nog sal ervaar, hulle het foute gemaak en daaruit geleer en hulle kan jou help om dieselfde foute in jou lewe te vermy. ‘n Wyse jongmens slaan altyd ag op die raad van die gryses.

En wanneer ons die dag so oud word at ons nie meer kan getuig of kan praat nie, dank an ons nogsteeds deur ons voorbeeld, ja deur die wyse waarop on sons lydng gelowig dra, ‘n instrument van die Here wees.

Broers en susters, moenie bang wees vir die ouderdom nie. God verlaat sy kinders nie. Christus is die waarborg daarvan. Moet ook nie ontsteld wees as

jou tentpenne stelselmatig uitgetrek word nie.  God is besig om vir jou ‘n ewige woning by hom te bou.  Moet nooit oorbodig voel of dink dat jou lewe geen sin en doel het nie.  Die Here gebruik jou nogsteeds as sy getuie, veral nou, na baie jare van ervaring.  Terselfteryd die boodskap aan ons jongmense.  Versamel in die somer van jou lewe geloofskos vir die winter in jou lewe. Respekteer ouer mense want hulle kom reeds ‘n leeftyd saam met God.  Ontgin hulle lewenservarings, leer by hulle lewenswysheid, dan sal jy die slaggate van die lewe kan verbygaan.  Hoe pragtig stel die wysheidsleraar dit nie in Spreuke 20:29 nie:  die versiering van oumense is hulle grysheid!